

# OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA.

# OFFICIAL GAZETTE

UITGAWE OP GESAG.

OF SOUTH WEST AFRICA.

PUBLISHED BY AUTHORITY



10c

Dinsdag, 15 Desember, 1964

WINDHOEK

Tuesday, 15th December, 1964

No. 2595

## INHOUD

### PROKLAMASIES:

- No. 83 Dorp Kamanjab: Uitbreiding van Grense . . .  
No. 84 Natuurtuin Hardap: Proklamering van . . .

### GOEWERMENSKENNISGEWINGS:

- No. 211 Bydraes tot die Koste van Jakkalsdraadheining: Distrik Maltahöhe (Swartrand Area) . . .  
No. 212 Munisipaliteit Outjo: Swembadregulasies; Wysiging . . .  
No. 213 Munisipaliteit Walvisbaai: Wysiging van Aanslag-tarief ten opsigte van Elektrisiteitslewering . . .  
No. 214 Munisipaliteit Omaruru: Wysiging van Waterle-weringsregulasies . . .  
No. 215 Munisipaliteit Omaruru: Wysiging van Kerkhof-regulasies . . .  
No. 216 Munisipaliteit Omaruru: Wysiging van Gesondheidsregulasies . . .  
No. 217 Bydraes tot die Koste van Jakkalsdraadheining: Distrik Gobabis (Kring Leonardville) . . .  
No. 218 Waarnemende Direkteur van Pos- en Telegraaf-wese: Aanstelling as . . .  
No. 219 Dorpsbestuur Tsumeb: Wysiging van Plaaslike Regulasies . . .  
No. 220 Dorpsbestuursgebied Gochas: Wysiging van Sani-tasieregulasies . . .  
No. 221 Ordonnansie op Winkelure en Winkelbediendes, 1939: Opening- en Sluitingsure Munisipale Gebied Windhoek . . .  
No. 222 Sensus van Gesondheidsdienste 1963-1964: Genees-her, Interne en Tandartse: Regulasies . . .  
No. 223 Nywerheid- en Winkelinspekteur: Aanstelling van . . .  
No. 224 Munisipaliteit Gobabis: Regulasies betreffende die Voorkoming en Blussing van Brande . . .  
No. 1822 (Republiek) Adviserende Haweraad, Walvisbaai: Aanstelling van Lede . . .  
No. R. 1877 (Republiek) Doeanewet, 1955: Oplegging van 'n Gewone Dumpingreg (Dump 161) . . .  
No. R. 1883 (Republiek) Doeanewet, 1955: Oplegging van 'n Gewone Dumpingreg (Dump 162) . . .  
No. R. 1885 (Republiek) Doeanewet, 1955: Oplegging van 'n Gewone Dumpingreg (Dump 163) . . .  
No. R. 1890 (Republiek) Aksynwet, 1956: Korting van Reg op Skoon Spiritus gebruik deur Goedgekeurde Bloed-oortappingsdienste, (E. 2/15) . . .  
No. 1898 (Republiek) Wet op Standaarde: Wysiging van Regulasies . . .  
No. R. 1934 (Republiek) S.A. Spoorweë: Regulasies vir die Havens van die Republiek van Suid-Afrika en van Suidwes-Afrika . . .

### ALGEMENE KENNISGEWINGS:

- No. 82 Munisipaliteit Gobabis: Voorgestelde Verandering van Grense . . .  
No. 83 Munisipaliteit Walvisbaai: Voorgestelde Sluiting van Straat . . .  
No. 84 Maatskappye Geregistreer ens., gedurende Novem-ber, 1964 . . .  
No. 85 Maatskappye geskrap te word van die Register . . .  
No. 818 (Republiek) Voordele betaalbaar uit die Nuwe Spoorweg- en Hawesuperannuasiefonds — Wyle Abel Daniel Pienaar . . .  
No. 850 (Republiek) S.A. Buro vir Standaarde: Gewysigde Permitgelde . . .  
No. 851 (Republiek) S.A. Buro vir Standaarde: Permitgelde . . .

### ADVERTENSIES:

Boedelkennisgewings ens., ens., . . .

## CONTENTS

Bladsy/Page

### PROCLAMATIONS:

- Township of Kamanjab: Extension of Boundaries . . . 1408  
Hardap Nature Park: Proclamation of . . . 1408

### GOVERNMENT NOTICES:

- Contributions towards the Cost of Jackalproof Fenc-ing: Maltahöhe District (Swartrand Area) . . . 1409  
Municipality Outjo: Swimming Bath Regulations: Amendment . . . 1409  
Municipality Walvis Bay: Amendment of the Fees and Charges relating to the Supply of Electricity . . . 1409  
Municipality Omaruru: Amendment of Water Supply Regulations . . . 1411  
Municipality Omaruru: Amendment of Cemetery Re-gulations . . . 1411  
Municipality Omaruru: Amendment of Health Regu-lations . . . 1412  
Contributions towards the Cost of Jackalproof Fenc-ing: District Gobabis (Leonardville Area) . . . 1412  
Acting Director of Posts and Telegraphs: Appointment as . . . 1412  
Village Management Board Tsumeb: Amendment of Local Regulations . . . 1412  
Village Management Board Area Gochas: Amendment of Sanitation Regulations . . . 1414  
Shop Hours and Shop Assistants Ordinance, 1939: Opening and Closing Hours, Windhoek Municipal Area . . . 1414  
Census of Health Services 1963-1964: Medical Prac-titioners, Interns and Dentists: Regulations . . . 1415  
Industrial and Shop Inspector: Appointment as . . . 1466  
Municipality Gobabis: Regulations Relating to the Prevention and Extinguishing of Fires . . . 1466  
(Republic) Harbour Advisory Board, Walvis Bay: Ap-pointment of Members . . . 1470  
(Republic) Customs Act, 1955: Imposition of anordi-nary Dumping Duty (Dump 161) . . . 1471  
(Republic) Customs Act, 1955: Imposition of anordi-nary Dumping Duty (Dump 162) . . . 1471  
(Republic) Customs Act, 1955: Imposition of anordi-nary Dumping Duty (Dump 163) . . . 1472  
(Republic) Excise Act, 1956: Rebate on Duty on Plain Spirits used by Approved Blood Transfusion Services (E. 2/15) . . . 1472  
(Republic) Standards Act, 1962: Amendment of Regu-lations . . . 1472  
(Republic) S.A. Railways: Regulations for the Har-bours of the Republic of South Africa and of South West Africa . . . 1473

### GENERAL NOTICES:

- Municipality Gobabis: Proposed Alteration of Muni-cipal Boundaries . . . 1473  
Municipality Walvis Bay: Proposed Closing of Street . . . 1474  
Companies Registered etc., during November, 1964 . . . 1474  
Companies to be Struck off the Register . . . 1475  
(Republic) Benefits Payable from the New Railways and Harbours Superannuation Fund — Late Abel Daniel Pienaar . . . 1476  
(Republic) S.A. Bureau of Standards: Amended Permit Fees . . . 1476  
(Republic) S.A. Bureau of Standards: Permit Fees . . . 1476

### ADVERTISEMENTS:

Estate Notices etc., etc., . . . 1477

**PROKLAMASIES**

DEUR SY EDELE WENTZEL CHRISTOFFEL DU PLESSIS, ADMINISTRATEUR VAN SUIDWES-AFRIKA.

No. 83 van 1964.]

**UITBREIDING VAN DORPSGRENSE.**

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 29(1) van die Ordonnansie op Dorpe en Grondverdeling 1963, (Ordonnansie 11/1963) verklaar ek hierby dat die grense van dorp Kamanjab uitgebrei is om Gedeeltes 9, 10 en 11 (gedeeltes van Ged. 6) van die plaas Kamanjab No. 190, geleë in die Registrasie Afdeling A, in te sluit.

Hierdie eiendomme staan nou bekend as Erwe 94, 95 en 96, Kamanjab dorp.

Ingevolge artikel 29(2) word die voorwaardes, soos in die Bylae hiervan uiteengesit, opgelê.

Gegee onder my hand en seël te Windhoek, op hierdie 26ste dag van November 1964.

W. C. DU PLESSIS,  
*Administrateur.*

**BYLAE:**

Hierdie erwe sal slegs vir Administrasie-doeleindes gebruik word.

No. 84 van 1964.]

NADEMAAL daar by artikel drie van die Ordonnansie op Wildtuine, Natuurtuine en Private Wildreserwes 1958 (Ordonnansie 18 van 1958) soos gewysig, bepaal word dat die Administrateur by proklamasie in die *Offisiële Koerant* enige gebied vir die doeleindes van gemelde ordonnansie tot 'n natuurtuin kan verklaar;

SO IS DIT dat ek, kragtens en ingevolge voornoemde bevoegdheid, hierby verklaar dat die gebied in die bylaag tot hierdie proklamasie omskryf voortaan 'n natuurtuin is waarop die bepalings van genoemde ordonnansie van toepassing is, en dat genoemde natuurtuin bekend sal staan onder die naam in genoemde bylaag uiteengesit.

Gegee onder my hand en seël te Windhoek op hierdie 2de dag van Desember 1964.

W. C. DU PLESSIS,  
*Administrateur.*

**BYLAAG****NATUURTUIN HARDAP**

Vanaf die noord-oostelike hoekbaken van die plaas Komatzas Süd No. 103, geleë in die distrik Gibeon, in 'n noord-oostelike rigting langs die suid-oostelike grense van die plase Komatzas No. 104 en Komatzas No. 109 tot by 'n punt op laasgenoemde grens sowat 700 meter vanaf die punt waar die linkeroewer van die Visrivier hierdie grens sny; daarvandaan in 'n algemene oostelike rigting vir ongeveer 5,300 meter dan in 'n algemene suidelike rigting tot 'n punt by die spoelbrug; daarvandaan weswaarts langs die linkeroewer van die Visrivier tot by 'n punt langs 'n sluis aan die suidekant van die damwal; dan ooswaarts langs die pad vir 'n afstand van ongeveer 230 meter tot by 'n punt waar die pad die kanaal by die brug kruis; daarvandaan in 'n suid-oostelike rigting tot by 'n punt waar hierdie lyn die noordelike grenslyn van die plaas Keikanachab West No. 91 sny; dan weswaarts langs die noordelike grens van die plase Keikanachab West No. 91 en Ged. A van Dassisfontein II No. 102 tot by die suid-oostelike hoekbaken van die plaas Komatzas Süd No. 103 dan langs die oosgrens van laasgenoemde plaas tot by die beginpunt.

**PROCLAMATIONS**

BY THE HONOURABLE WENTZEL CHRISTOFFEL DU PLESSIS, ADMINISTRATOR OF SOUTH WEST AFRICA.

No. 83 of 1964.]

**EXTENSION OF TOWNSHIP BOUNDARIES.**

Under and by virtue of the powers in me vested by section 29(1) of the Townships and Division of Land Ordinance 1963, (Ordinance 11/1963), I do hereby declare that the boundaries of the Township of Kamanjab have been extended to include Portions 9, 10 and 11 (portions of Portion 6) of the farm Kamanjab No. 190, situate in the Registration Division A.

The properties are now known as Erven 94, 95 and 96, Township of Kamanjab.

In terms of section 29(2) the conditions imposed are as set out in the Schedule hereto.

Given under my hand and seal at Windhoek, this 26th day of November, 1964.

W. C. DU PLESSIS,  
*Administrator.*

**SCHEDULE:**

These erven shall be used for Administration purposes only.

No. 84 of 1964.]

WHEREAS by section three of the Game Parks, Nature Parks and Private Game Reserves Ordinance, 1958 (Ordinance 18 of 1958), as amended, it is provided that the Administrator may, by proclamation in the *Official Gazette*, declare any area to be a nature park for the purposes of the said ordinance;

NOW THEREFORE, under and by virtue of the said authority, I hereby declare that the area defined in the schedule to this proclamation shall henceforth be a nature park falling under the provisions of the said ordinance and that the said nature park shall be known by the name set out in the said schedule.

Given under my hand and seal in Windhoek on this the 2nd day of December, 1964.

W. C. DU PLESSIS,  
*Administrator.*

**SCHEDULE.****HARDAP NATURE PARK.**

From the north-eastern corner beacon of the farm Komatzas Süd No. 103 situate in the district of Gibeon, in a north-easterly direction along the south-eastern boundaries of the farms Komatzas No. 104 and Komatzas No. 109 to a point on the latter boundary approximately 700 metres from the point where the left bank of Fish River intersects this boundary: thence generally eastwards for a distance of approximately 5,300 metres, thence generally in a southerly direction to a point at the causeway; then westwards along the left bank of the Fish River to a point next to a sluice on the southern side of the damwall; thence eastwards along a road for a distance of approximately 230 metres to a point where the road crosses the canal at the bridge; thence in a south-easterly direction to a point where this line intersects the northern boundary of the farm Keikanachab West No. 91; thence westwards along the northern boundaries of the farms Keikanachab West No. 91 and Portion A of Dassisfontein II No. 102 to the south-eastern beacon of the farm Komatzas Süd No. 103 and then along the eastern boundary of the farm Komatzas Süd No. 103 to the point of beginning.

**Goewermentskennisgewings.**

**Government Notices.**

Die volgende Goewermentskennisgewings word vir algemene inligting gepubliseer.

C. F. MARAIS,  
Sekretaris van Suidwes-Afrika.

Kantoor van die Administrateur,  
Windhoek.

The following Government Notices are published for general information.

C. F. MARAIS,  
Secretary for South West Africa.

Administrator's Office,  
Windhoek.

No. 211.] [15 Desember 1964

**BYDRAES TOT DIE KOSTE VAN JAKKALSDRAADHEININGS: DISTRIK MALTAHÖHE (SWART-RAND AREA).**

Dit behaag die Administrateur om kragtens en ingevolge die bevoegdheid hom verleen by subartikel (1) van artikel *een* van die Wysigingsordonnansie op die Omheiningsproklamasie 1957, (No. 6 van 1957) soos gewysig deur subartikel (a) van artikel *een* van die Wysigingsordonnansie op die Omheiningsproklamasie 1958 (No. 6 van 1958) te verklaar dat van en na die publikasie hiervan, bydraes tot die koste van:

- (a) die verandering van 'n tussenheining in 'n jakkalsdraadheining; of
- (b) die oprigting van 'n jakkalsdraadheining as 'n tussenheining, verpligtend is in die kring wat in die bylae hierby beskryf word;

**BYLAE.**

Van die noordoostelike baken van die plaas GARUB 46 in die landdrostdistrik Maltahöhe suidwaarts langs die grense van en insluitende die volgende plase;

Genoemde GARUB 46, SCHWARZRAND NORD 47, SCHWARZRAND SÜD 48, ELISENHOF 52; vandaar in die landdrostdistrik Gibeon die plase TESCHENBRÜGGE 48, ROOIKRANZ 38, TEMPELHOF 47, HEIMAT 53, EIDSAMUB 51; vandaar in die landdrostdistrik Maltahöhe die plase GRAAL 62, ZACKENBERG 64, KUMAKAMS 68, BLENHEIM 69, CHAMCHAWIB 106, BINZ 75, ROOIBERG SÜD 77, ROOIBERG 83, KLEINFONTEIN NORD 82, die gekonsolideerde MÖRESON 165, die voormelde GARUB 46 tot by die eersgenoemde punt.

No. 212.] [15 Desember 1964

Dit behaag die Administrateur om kragtens en ingevolge die bevoegdheid hom verleen by artikel *tweehonderd-drie-en-veertig* gelees met paragraaf (a) van subartikel (7) van artikel *tweehonderd-twee-en-veertig* en artikel *tweehonderd-vier-en-sewentig* van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963), sy goedkeuring te heg aan die onderstaande wysiging van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 221 van 1962.

**DIE MUNISIPALITEIT OUTJO.**

**WYSIGING VAN SWEMBADREGULASIES.**

Die swembadregulasies van die Munisipaliteit van Outjo word hierby gewysig deur die herroeping van regulasie 2 van die „Heffingskedule” en die vervanging daarna met die volgende nuwe regulasie 2:—

- 2. *Toegang per persoon:*  
Volwassenes, per sessie — 10 sent.  
Kinders, per sessie — 5 sent.

No. 213.] [15 Desember 1964

Dit behaag die Administrateur om kragtens en ingevolge die bevoegdheid hom verleen by artikel *vyf, sewe*

No. 211.] [15th December, 1964

**CONTRIBUTIONS TOWARDS THE COST OF JACKAL-PROOF FENCES: MALTAHÖHE DISTRICT (SWARTRAND AREA).**

The Administrator has been pleased under and by virtue of the powers in him vested by sub-section (1) of section *one* of the Fencing Proclamation Amendment Ordinance of 1957 (No. 6 of 1957) as amended by sub-section (a) of section *one* of the Fencing Proclamation Amendment Ordinance of 1958 (No. 6 of 1958), to declare that from and after publication hereof contributions towards the costs of:—

- (a) converting a dividing fence into a jackalproof fence, or,
- (b) erecting a jackalproof fence as a dividing fence, shall be obligatory in the area described in the schedule hereto:

**SCHEDULE.**

From the north-eastern beacon of the farm GARUB 46 in the magisterial district of Maltahöhe southwards along the boundaries of and including the following farms:

The said GARUB 46, SCHWARZRAND NORD 47, SCHWARZRAND SÜD 48, ELISENHOF 52; thence in the magisterial district of Gibeon the farms TESCHENBRÜGGE 48, ROOIKRANZ 38, TEMPELHOF 47, HEIMAT 53, EIDSAMUB 51; thence in the magisterial district of Maltahöhe the farms GRAAL 62, ZACKENBERG 64, KUMAKAMS 68, BLENHEIM 69, CHAMCHAWIB 106, BINZ 75, ROOIBERG SÜD 77, ROOIBERG 83, KLEINFONTEIN NORD 82, the consolidated MÖRESON 165, the aforementioned GARUB 46 to the point first named.

No. 212.] [15th December, 1964

The Administrator has been pleased under and by virtue of the powers in him vested by section *two hundred and forty-three* read with paragraph (a) of sub-section (7) of section *two hundred and forty-two* and section *two hundred and seventy-four* of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963), to approve the undermentioned amendment of the regulations published under Government Notice No. 221 of 1962.

**MUNICIPALITY OF OUTJO.**

**AMENDMENT OF SWIMMING BATH REGULATIONS.**

The Swimming Bath regulations of the Municipality of Outjo are hereby amended by repealing the existing regulation (2) of the “Schedule of Fees” and the substitution thereof by the following new regulation 2:—

- 2. *Single Admission:*  
Adults, per session — 10 cent.  
Children, per session — 5 cent.

No. 213.] [15th December, 1964

The Administrator has been pleased under and by virtue of the powers in him vested by sections *five, seven*

en agt van die Elektriese Kracht Proklamatie 1922 (Proklamatie 4 van 1922), soos gewysig by artikel drie van die Elektrisiteitsproklamasie — Wysigingsproklamasie 1927 (Proklamasie 27 van 1927) gelees met paragraaf (b) van sub-artikel (1) van artikel tweehonderd vier-en-dertig, sub-artikel (16) van artikel tweehonderd twee-en-veertig en artikel tweehonderd vier-en-sewentig van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963), sy goedkeuring daaraan te heg dat die aanslagtarief ten opsigte van elektrisiteitslewering afgekondig by Goewermentskennisgewing No. 195 van 1961, soos gewysig by Goewermentskennisgewing No. 95 van 15 Junie 1964, as volg gewysig word:—

#### DIE MUNISIPALITEIT WALVISBAAI.

#### WYSIGING VAN DIE AANSLAGTARIEF TEN OPSIGTE VAN ELEKTRISITEITSLEWERING.

1. Tarief 1 word hierby geskrap en vervang met die volgende nuwe tarief:—

##### A. HUISHOUDELIKE TARIEF: (Verligting tesame met kook- en verwarmingstoestelle).

- (i) *Basiese Tarief*: R1.20 vir die eerste twee woonkamers of gedeelte daarvan plus R0.60 vir elke woonkamer meer as twee maar nie meer as agt nie; Met dien verstande dat die verbruiker 30 eenhede toegelaat sal word vir die eerste twee woonkamers of gedeelte daarvan, plus 'n bykomstige 15 eenhede vir elke bykomstige woonkamers tot 'n maksimum van agt woonkamers.
- (ii) *Eenheidstarief*: 1.70 sent per eenheid vir die balans van die eenhede wat verbruik is.
- (iii) *Omskrywing van Woonkamer*: By die toepassing van hierdie Tarief omvat „woonkamer” elke afsonderlike kamer in 'n woonhuis buiten gange, badkamers, stoepe, kleinere spense en gemakshuise en in die geval van groot ingeslote vloerruimtes word elke 250 vk. v. (23 vk. m.) of gedeelte daarvan as een woonkamer beskou.

##### B. TARIEF VIR LIGTE: (Kantore, Winkels en ander installasies waar elektriese stroom hoofsaaklik vir verligtingsdoeleindes gebruik word).

- (i) *Basiese Tarief*: R1.05 vir die eerste 15 eenhede of gedeelte daarvan.
- (ii) *Eenheidstarief*: 4.17 sent per eenheid vir die balans van die eenhede wat verbruik is.

##### C. TARIEF VIR BEWEEGKRAG: (Normaalweg vir inrigting van minder as 50 K.V.A.)

- (i) *Basiese Tarief*: R0.65 per P.K. of K.V.A. geïnstalleer.
- (ii) *Eenheidstarief*: 1.70 sent per eenheid vir alle eenhede wat verbruik word.

##### D. TARIEF VIR HOTELS, HOSPITALE, LOSIES-HUISE, RESTAURANTS, KAMPONGE EN SOORTGELYKE INRIGTINGS.

- (i) *Basiese Tarief*: R2.50 vir die eerste 30 eenhede of gedeelte daarvan.
- (ii) *Eenheidstarief*: 5 sent per eenheid vir die daaropvolgende 30 eenhede; 3.75 sent per eenheid vir die daaropvolgende 40 eenhede; 1.70 sent per eenheid vir die balans van die eenhede wat verbruik is.

##### E. TARIEF VIR SKOLE, KERKE, KLINIEKE EN SOORTGELYKE INRIGTINGS:

- (i) *Basiese Tarief*: 1.40 sent per eenheid vir die eerste 20 eenhede of gedeelte daarvan.
- (ii) *Eenheidstarief*: 1.70 sent per eenheid vir die balans van die eenhede wat verbruik is: Met dien verstande dat geen huishoudelike installasie verbind sal wees met enige installasie wat elektriese stroom ingevolge hierdie tarief ontvang nie.

##### F. WOORDOMSKRYWING VAN „BASIESE TARIEF”.

Vir die doeleindes van Tariewe A tot E sal die voorgeskrewe basiese tarief maandeliks of *pro rata* vir 'n gedeelte van 'n maand gehef word

and eight of the Electrical Power Proclamation 1922 (Proclamation 4 of 1922) as amended by section three of the Electric Power Proclamation Amendment Proclamation, 1927 (Proclamation 27 of 1927), paragraph (b) of subsection (1) of section two hundred and thirty-four, subsection (16) of section two hundred and forty-two and section two hundred and seventy-four of the Municipal Ordinance 1963 (Ordinance 13 of 1963), to approve that the Tariff of Fees relating to the supply of electricity published under Government Notice No. 195 of 1961 as amended by Government Notice No. 95 of 1964, be amended as follows:—

#### THE MUNICIPALITY OF WALVIS BAY.

#### AMENDMENT OF THE FEES AND CHARGES RELATING TO THE SUPPLY OF ELECTRICITY.

1. Tariff 1 is hereby deleted and substituted by the following new tariff:—

##### A. DOMESTIC TARIFF: (Lighting combined with cooking and heating apparatus).

- (i) *Basic Charge*: R1.20 for the first two living rooms or portion thereof plus R0.60 for each living room in excess of two but not more than eight: Provided that the consumer shall be allowed 30 units for the first two living rooms or portion thereof plus an additional 15 units for each additional living room up to a maximum of eight living rooms.
- (ii) *Unit Tariff*: 1.70 cent per unit for the balance of units consumed.
- (iii) *Definition of Living Room*: For the purpose of this Tariff “living room” shall include every separate room in a dwelling except passages, bathrooms, stoeps, smaller pantries and lavatories and in the case of large enclosed floor spaces every area of 250 square feet (23 square metres) or part thereof contained in the floor space, shall be treated as one living room.

##### B. LIGHTING TARIFF: (For Offices, Shops, and other installations where electric current is mainly consumed for illumination purposes.)

- (i) *Basic Charge*: R1.05 for the first 15 units or portion thereof.
- (ii) *Unit Tariff*: 4.17 cents per unit for the balance of units consumed.

##### C. MOTIVE POWER TARIFF: (Normally for installations of less than 50 K.V.A.)

- (i) *Basic Charge*: R0.65 per H.P. or K.V.A. installed.
- (ii) *Unit Tariff*: 1.70 cent per unit for all units consumed.

##### D. TARIFF FOR HOTELS, HOSPITALS, BOARDING HOUSES, CAFÉS, RESTAURANTS, COMPOUNDS AND OTHER SIMILAR INSTITUTIONS:

- (i) *Basic Charge*: R2.50 for the first 30 units or portion thereof.
- (ii) *Unit Tariff*: 5 cent per unit for the next 30 units. 3.75 cent per unit for the next 40 units. 1.70 cent per unit for the balance of units consumed.

##### E. TARIFF FOR SCHOOLS, CHURCHES, CLINICS AND SIMILAR INSTITUTIONS:

- (i) *Basic Charge*: 1.40 cent per unit for the first 20 units or portion thereof.
- (ii) *Unit Tariff*: 1.70 cent per unit for the balance of units consumed: Provided that no domestic installation shall be connected to any installation drawing electric current under this tariff.

##### F. DEFINITION OF BASIC CHARGE:

For the purpose of Tariffs 1 (A) to (E) the prescribed basic charge shall be levied monthly or *pro rata* for a portion of a month

2. Tarief 3 word hierby in geheel geskrap.
3. Tariewe 4 en 5 word hierby hernoem na 3 en 4 onderskeidelik.

2. Tariff 3 is hereby deleted in toto.
3. Tariffs 4 and 5 are hereby renumbered 3 and 4 respectively.

No. 214.]

[15 Desember 1964

Dit behaag die Administrateur om kragtens en ingevolge die bevoegdheid hom verleen by artikel *tweehonderd drie-en-veertig*, gelees met subartikel (38) van artikel *tweehonderd twee-en-veertig* en artikel *tweehonderd vier-en-sewentig* van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963), sy goedkeuring te heg aan die onderstaande wysigings van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 161 van 1931, soos gewysig by Goewermentskennisgewings 286 van 1950, 247 van 1954, 2 van 1961 en 219 van 1961.

MUNISIPALITEIT VAN OMARURU.

WYSIGING VAN WATERLEWERINGSREGULASIES.

Die tariewe vir watervoorsiening in Bylae „B” word hierby gewysig deur:—

- (a) in paragraaf (1) die bedrag van R1-00. te vervang deur die bedrag van R1-50.
- (b) in paragraaf (5) die bedrag van „R0-10”. te vervang deur die bedrag „R0-20”.

No. 215.]

[15 Desember 1964

Dit behaag die Administrateur om kragtens en ingevolge die bevoegdheid hom verleen by artikel *tweehonderd drie-en-veertig*, gelees met subartikel (10) van artikel *tweehonderd twee-en-veertig* en artikel *tweehonderd vier-en-sewentig* van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963), sy goedkeuring te heg aan die onderstaande wysigings van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 172 van 1958.

MUNISIPALITEIT VAN OMARURU.

WYSIGING VAN KERKHOFREGULASIES.

Die Kerkhofregulasies van die Munisipaliteit Omaruru word hiermee gewysig deur die volgende:—

1. Die bestaande regulasie 4 na paragraaf (a) van regulasie 4 te hernoem.
2. Die byvoeging van die volgende nuwe paragraaf onmiddellik na paragraaf (a) van regulasie 4:  
(b) Die Raad kan op aansoek gerig aan die stads-klerk op sodanige voorwaardes soos deur 'n besluit van die Raad bepaal, grafruimtes reserveer vir enige persoon om in een of meer van sodanige grafruimtes begrawe te word onderworpe aan betaling van die gelde, wat hierna voorgeskryf word en aan die regulasies wat op die oomblik van krag is. Die grootte van elke reserveerde grafruimte moet voldoen aan die grootte in paragraaf (a) bepaal.
3. Vervang die bestaande Bylae „B” deur die volgende:—

BYLAE „B”.

MUNISIPALITEIT VAN OMARURU.

BYLAE VAN KOSTE EN GELDE.

1. Reserveerde Grafruimtes.
  - (i) Vir elke gereserveerde grafruimte . . . R5-00.
  - (ii) Vir elke teraardebestelling in gereserveerde grafruimte . . . R3-00.
2. Gewone Grafruimtes.  
Gelde vir teraarde bestellings:—
  - (i) Vir persone bo die ouderdom van 12 jaar R5-00.
  - (ii) Vir persone onder die ouderdom van 12 jaar . . . R4-00
3. Diverse Gelde.
  - (i) Gelde vir opgraving van lyke:  
Heropen en opvul van graf, oordra en begrawe in 'n nuwe graf, verandering van registers, ens. . . . . R15-00.
  - (ii) Vir instandhou van elke graf per jaar (op aansoek) R 2.00

No. 214.]

[15th December, 1964

The Administrator has been pleased under and by virtue of the powers in him vested by section *two hundred and forty-three*, read with sub-section (38) of section *two hundred and forty-two* and *two hundred and seventy-four* of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963), to approve of the undermentioned amendments of the regulations published under Government Notice 161 of 1931, as amended by Government Notices 286 of 1950, 247 of 1954, 2 of 1961 and 219 of 1961.

MUNICIPALITY OF OMARURU.

AMENDMENT OF WATER SUPPLY REGULATIONS.

The charges for water supply in Schedule “B” are hereby amended by:—

- (a) The substitution in paragraph (1) for the amount R1.00 by the amount R1.50.
- (b) The substitution in paragraph (5) for the amount R0.10 by the amount R0.20.

No. 215.]

[15th December, 1964

The Administrator has been pleased under and by virtue of the powers in him vested by section *two hundred and forty-three*, read with sub-section (10) of section *two hundred and forty-two* and section *two hundred and seventy-four* of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963), to approve of the undermentioned amendments of the regulations published under Government Notice 172 of 1958.

MUNICIPALITY OF OMARURU.

AMENDMENT OF CEMETERY REGULATIONS.

The Cemetery Regulations of the Municipality of Omaruru are hereby amended by the following:—

1. Renumbering the existing regulation 4 as paragraph (a) of regulation 4.
2. The insertion of the following new paragraph immediately after paragraph (a) of regulation 4:  
(b) The Council may on an application addressed to the Town Clerk, on such conditions as may be determined by resolution of the Council, reserve grave spaces for any person for burial in one or more of such spaces, subject to the fees hereunder prescribed and to the regulations for the time being in force. The size of each reserved grave space shall comply with the sizes described in paragraph (a).
3. Substitute the existing Schedule “B” by the following:

SCHEDULE “B”.

MUNICIPALITY OF OMARURU.

SCHEDULE OF FEES AND CHARGES.

1. Reserved Grave Spaces.
  - (i) For each grave space reserved . . . R 5-00.
  - (ii) For each burial in reserved grave space . R 3-00.
2. Ordinary Grave Spaces.  
Fees for burials:—
  - (i) For persons over 12 years of age . . . R 5-00.
  - (ii) For persons under 12 years of age . . . R 4-00.
3. Sundry Charges.
  - (i) Fees for exhumation of bodies:  
Re-opening and re-filling grave, transferring and entering in a freshly-prepared grave, altering registers, etc. . . . . R15-00.
  - (ii) For upkeep of grave (on application) per annum R 2.00



No. 216.]

[15 Desember 1964

Dit behaag die Administrateur om, kragtens en ingevolge die bevoegdheid hom verleen by artikel *tweehonderd drie-en-veertig*, gelees met subartikel (38) van artikel *tweehonderd twee-en-veertig* en artikel *tweehonderd vier-en-sewentig* van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963), sy goedkeuring te heg aan die onderstaande wysigings van die sanitasiegelde afgekondig by paragraaf (c) van Goewermentskenningsgewing 76 van 1956.

## MUNISIPALITEIT VAN OMARURU.

## WYSIGING VAN GESONDHEIDSREGULASIES.

Die Sanitasiegelde van die Munisipaliteit Omaruru word hierby gewysig deur die volgende:—

1. Subparagraaf (1) van paragraaf (c) van Goewermentskenningsgewing 76 van 1956 word hierby herroep en vervang met die volgende:—

Vir die verwydering van:—

- (i) nagvuil en urine, driekeer per week:—  
R1-00 per emmer per maand of 'n gedeelte van 'n maand;
- (ii) huisvuil, een keer per week:—  
R0-50 per vergaarbak per maand of 'n gedeelte van 'n maand;
- (iii) vuil water en inhoud van opgaartenks:—  
R1-20 per 1,000 gellings of gedeelte daarvan.

2. Subparagraaf (2) van gemelde paragraaf (c) van Goewermentskenningsgewing 76 van 1956 word hierby herroep.

No. 216.]

[15th December, 1964

The Administrator has been pleased under and by virtue of the powers in him vested by section *two hundred and forty-three*, read with sub-section (38) of Section *two hundred and forty-two* and section *two hundred and seventy-four* of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963) to approve of the undermentioned amendments of the sanitary fees published under paragraph (c) of Government Notice No. 76 of 1956.

## MUNICIPALITY OF OMARURU.

## AMENDMENT OF HEALTH REGULATIONS.

The sanitary fees of the Municipality of Omaruru are amended hereby as follows:—

1. Sub-paragraph (1) of paragraph (c) of Government Notice 76 of 1956 is repealed hereby and substituted by the following:—

For the removal of:—

- (i) nightsoil and urine, three times a week:—  
R1-00 per bucket per month or part of month;
- (ii) household refuse, once a week:—  
R0-50 per receptacle per month or part of month;
- (iii) slopwater and contents of conservancy tanks:—  
R1-20 per 1,000 gallons or part thereof.

2. Sub-paragraph (2) of abovementioned paragraph (c) of Government Notice 76 of 1956 is repealed hereby.

No. 217.]

[15 Desember 1964

## BYDRAES TOT DIE KOSTE VAN JAKKALSDRAAD-HEININGS: DISTRIK GOBABIS (KRING LEONARDVILLE).

Dit behaag die Administrateur om kragtens en ingevolge die bevoegdheid aan hom verleen by subartikel (1) van artikel *een* van die Wysigingsordonnansie op die Omheiningsproklamasie 1957 (No. 6 van 1957) soos gewysig by subartikel (a) van artikel *een* van die Wysigingsordonnansie op die Omheiningsproklamasie 1958 (No. 6 van 1958) die bylae by Goewermentskenningsgewing 28 van 1964 van 2 Maart 1964 te wysig deur —

1. die skraping van die uitdrukking „Rainier 9” en die invoeging na die uitdrukking „Reitz 12” van die woorde „Boshoff 10, Wiesespos 579, genoemde Boshoff 10, Gedeelte 1 (Cilliers) van Carlisle 8 en”;
2. die skraping van die woorde „tot by die verste westelike hoekbaken van laasgenoemde plaas” en die invoeging na die uitdrukking „Charakoe 552” van die woorde „Boomplaas 551 tot by sy verste noordelike baken;”

No. 217.]

[15th December, 1964

## CONTRIBUTIONS TOWARDS THE COST OF JACKAL-PROOF FENCING: DISTRICT OF GOBABIS (LEONARDVILLE AREA).

The Administrator has been pleased, under and by virtue of the powers in him vested by sub-section (1) of section *one* of the Fencing Proclamation Amendment Ordinance, 1957 (No. 6 of 1957) as amended by sub-section (a) of section *one* of the Fencing Proclamation Amendment Ordinance, 1958 (No. 6 of 1958) to amend the schedule to Government Notice 28 of 1964, dated 2nd March, 1964, by:

1. the deletion of the expression “Rainier 9,” and the insertion after the expression “Reitz 12” of the words “Boshoff 10, Wiesespos 579, the said Boshoff 10, portion 1 (Cilliers) of Carlisle 8 and;
2. the deletion of the words “to the westernmost corner beacon of the lastmentioned farm” and the insertion after the expression “Charakoe 552” of the words “Boomplaas 551 to its northernmost beacon;”

No. 218.]

[15 Desember 1964

Dit het die Administrateur behaag om ooreenkomstig artikel 2 (1) van die Posordonnansie (No. 30 van 1963), nmr. ALEWYN JACOBUS LOFTUS met ingang van 30 November 1964 as waarnemende Direkteur van Pos- en Telegraafwese vir die Gebied Suidwes-Afrika aan te stel gedurende die afwesigheid van mnr. LOUIS STEPHANUS VAN DER WALT buite die Gebied met vakansieverlof.

No. 218.]

[15th December, 1964

The Administrator has been pleased in terms of section 2 (1) of the Post Office Ordinance (No. 30 of 1963) to appoint Mr. ALEWYN JACOBUS LOFTUS as Acting Director of Posts and Telegraphs for the Territory of South West Africa, with effect from 30th November, 1964, during the absence of Mr. LOUIS STEPHANUS VAN DER WALT from the Territory on vacation leave.

No. 219.]

[15 Desember 1964.

Dit behaag die Administrateur om kragtens en ingevolge die bevoegdheid hom verleen by artikel *veertien* gelees met sub-artikel (4) van artikel *dertien* van die Ordonnansie op Dorpsbesture 1963 (Ordonnansie 14 van 1963). sy goedkeuring te heg aan die onderstaande wysi-

No. 219.]

[15 Desember 1964.

The Administrator has been pleased, under and by virtue of the powers in him vested by Section *fourteen* read with sub-section (4) of section *thirteen* of the Village Management Boards Ordinance, 1963 (Ordinance 14 of 1963) to approve the undermentioned amendment of the

ging van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing Nr. 223 van 1951, soos gewysig by Goewermentskennisgewing Nos. 120, 151 en 188 van 1952, 39, 65, 139 en 269 van 1954, 51 en 238 van 1955, 131, 238, 249 en 276 van 1956, 133 en 229 van 1957, 31 en 62 van 1958 en 18 van 1960:—

**DORPSBESTUUR VAN TSUMEB.**

**WYSIGING VAN PLAASLIKE REGULASIES.**

Bylae A van die Plaaslike Regulasies van die Dorpsbestuur Tsumeb word hierby soos volg gewysig:—

Deur die skraping van al die woorde waar dit onder die hoof „Water” verskyn en deur die vervanging daarvan met die volgende:—

**1. PRIVAAT WOONHUISE:**

**(a) WYK „A”:**

Maandeliks vir die eerste 15,000 gellings verbruik gedurende een kalender maand . . . . .	Geen fooie.
Vir die volgende 10,000 gellings bo 15,000 gellings . . . . .	R0.50 per Duisend Gellings
Vir die volgende 10,000 gellings bo 25,000 gellings . . . . .	R0.75 per Duisend Gellings
Alle water verbruik bo 35,000 gellings . . . . .	R1.00 per Duisend Gellings

**(b) WYK „B”:**

Maandeliks vir die eerste 10,000 gellings verbruik gedurende een kalender maand . . . . .	Geen fooi
Vir die volgende 10,000 gellings bo 10,000 gellings . . . . .	R0.50 per Duisend Gellings
Vir die volgende 10,000 gellings bo 20,000 gellings . . . . .	R0.75 per Duisend Gellings
Alle water verbruik bo 30,000 gellings . . . . .	R1.00 per Duisend Gellings

**BESIGHEIDSPERSELE, WINKELS EN GARAGES:**

**(c) WYK „C”:**

Maandeliks vir die eerste 5,000 gellings verbruik gedurende een kalender maand . . . . .	Geen fooi
Vir die volgende 10,000 gellings bo 5,000 gellings . . . . .	R0.50 per Duisend Gellings
Vir die volgende 10,000 gellings bo 15,000 gellings . . . . .	R0.75 per Duisend Gellings
Alle water verbruik bo 25,000 gellings . . . . .	R1.00 per Duisend Gellings

2. Vir die vervanging van 'n seël waaraan die verbruiker gepeuter het, of waarmee hy hom bemoei het . . . . . R 0.50
3. Vir aan- of afsluiting van watertoevoer op versoek van die verbruiker . . . . . R 0.50
4. Vir heraansluiting nadat die watertoevoer gestaak is weens inbreuk op hierdie regulasies . . . . . R 0.50
5. Vir die toets van watermeters op versoek van die verbruiker, wat binne 5% korrek gevind word . . . . . R 3.00
6. Spesiale waterlesing . . . . . R 0.50
7. Gelde vir die aanlê van 'n aansluiting sal soos volg gehef word:
 

¾ Duim . . . . .	R10.00
1 Duim . . . . .	R15.00
1½ Duim . . . . .	R24.00
2 Duim . . . . .	R35.00

Regulations published under Government Notice No. 223 of 1951, as amended by Government Notices Nos. 120, 151 and 188 of 1952, 39, 65, 139 and 269 of 1954, 51 and 238 of 1955, 131, 238, 249 and 276 of 1956, 133 and 229 of 1957, 31 and 62 of 1958 and 18 of 1960:—

**VILLAGE MANAGEMENT BOARD OF TSUMEB.**

**AMENDMENT OF LOCAL REGULATIONS.**

Schedule A of the Local Regulations of the Village Management Board of Tsumeb is hereby amended as follows:—

By the deletion of all the words under the heading “Water” and the substitution therefor of the following:—

**1. PRIVATE RESIDENCES:**

**(a) ZONE “A”:**

Monthly for the first 15,000 gallons consumed during one calendar month . . . . .	No charge
For the next 10,000 gallons in excess of 15,000 gallons . . . . .	R0.50 per Thousand Gallons
For the next 10,000 gallons in excess of 25,000 gallons . . . . .	R0.75 per Thousand Gallons
All water consumed in excess of 35,000 gallons	R1.00 per Thousand Gallons

**(b) ZONE “B”:**

Monthly for the first 10,000 gallons consumed during one calendar month . . . . .	No charge
For the next 10,000 gallons in excess of 10,000 gallons . . . . .	R0.50 per Thousand Gallons
For the next 10,000 gallons in excess of 20,000 gallons . . . . .	R0.75 per Thousand Gallons
All water consumed in excess of 30,000 gallons	R1.00 per Thousand Gallons

**BUSINESS HOUSES, STORES AND GARDENS:**

**(c) ZONE “C”:**

Monthly for the first 5,000 gallons consumed during one calendar month . . . . .	No charge
For the next 10,000 gallons in excess of 5,000 gallons . . . . .	R0.50 per Thousand Gallons
For the next 10,000 gallons in excess of 15,000 gallons . . . . .	R0.75 per Thousand Gallons
All water consumed in excess of 25,000 gallons	R1.00 per Thousand Gallons

2. For the replacement of a seal with which the consumer tampered or with which he interfered . . . . . R 0.50
3. For connection or disconnection of water supply at the consumer's request . . . . . R 0.50
4. For a re-connection after the water supply has been stopped due to infringement of these regulations . . . . . R 0.50
5. For the testing of water meters at the request of the consumer and which meter has been found to be correct within a margin of 5% . . . . . R 3.00
6. Special water reading . . . . . R 0.50
7. The following fees will be charged for the laying on of a connection:
 

¾ Inch . . . . .	R10.00
1 Inch . . . . .	R15.00
1½ Inch . . . . .	R24.00
2 Inches . . . . .	R35.00

## OMSKRYWING VAN WYKE:

WYK — A: Alle persele wat geleë is buite Wyke B en C.

WYK — B: Persele wat binne die volgende Wyke geleë is: Wes van Sewendeweg noordwaarts tot by huis No. 540, weswaarts suid van die dienslaan tot by huis No. 560, noordwaarts wes van Derdeweg tot by Erf 20, weswaarts tot by Erf 15 in Eersteweg, oos van Eersteweg tot by die aansluiting van Negendestraat, ooswaarts tot by die aansluiting van Sewendeweg.

WYK — C: Alle persele waar *bona fide* handel gedryf word."

No. 220.]

[15 Desember 1964.

Dit behaag die Administrateur om kragtens en in gevolge die bevoegdheid hom verleen by artikel *veertien* gelees met paragraaf (c) van sub-artikel (1) en sub-artikel (4) van artikel *dertien* van die Ordonnansie op Dorpsbesture 1963 (Ordonnansie 14 van 1963) die onderstaande wysiging van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing No. 184 van 1959 goed te keur.

## DORPSBESTUURSGBIED GOCHAS.

## WYSIGING VAN SANITASIEREGULASIES.

Bylaag A by die sanitasieregulasies word hierby herroep en vervang deur die volgende nuwe bylaag:—

## BYLAAG.

Sanitasiegelde betaalbaar:—

- (a) Verwydering van vuilwater: R1-75 per vrag van 1000 gellings.
- (b) Verwydering van nagvuil tweemaal per week: R1-50 per emmer per maand.
- (c) Verwydering van vullis tweemaal per week: R0-75 per houer per maand.

No. 221.]

[15 Desember 1964.

1. Dit behaag die Administrateur om, kragtens die bevoegdheid hom verleen by subartikel (2) van artikel *drie* van die Ordonnansie op Winkelure en Winkelbedienendes 1939, soos gewysig, (Ordonnansie 15 van 1939) te bepaal dat, ten aansien van die gebied wat binne die regsgebied van die Munisipaliteit Windhoek, val, maar uitsluitende die Windhoekse Naturellelokasie, soos omskrywe in Goewermentskennisgewing 132 gedateer 15 Julie 1937, en Katutura Inboorlingdorp, soos omskrywe in Goewermentskennisgewing 298 gedateer 15 November 1957, die openings- en sluitingsure in subartikel (1) van artikel *drie* van bedoelde Ordonnansie bepaal, verander en gewysig word om soos volg te lui:—

## MUNISIPALE GEBIED WINDHOEK (UITSLUITENDE WINDHOEK NATURELLELOKASIE EN KATUTURA INBOORLINGDORP)

Vir die maande April, Mei, Junie, Julie, Augustus en September.

	Openingsure:	Sluitingsure:
Weekdae, behalwe Saterdag:	8.00 v.m.	1.00 n.m.
	2.30 n.m.	5.30 n.m.
Saterdag:	8.00 v.m.	1.30 n.m.

Vir die maande Oktober, November, Desember, Januarie, Februarie en Maart.

	Openingsure:	Sluitingsure:
Weekdae, behalwe Saterdag:	8.00 v.m.	1.00 n.m.
	2.30 n.m.	6.00 n.m.
Saterdag:	8.00 v.m.	1.30 n.m.

## DEFINITION OF ZONES:

ZONE — A: All plots situated outside Zones B and C.

ZONE — B: Plots situated inside the following Zone: West of 7th Road northwards to house No. 540, westwards south of the service lane to house No. 560, northwards west of 3rd Road to Erf 20, westwards to Erf 15 in 1st Road, east of 1st Road to the junction of 9th Street, eastwards to the junction of 7th Road.

ZONE — C: All plots where *bona fide* business is conducted."

No. 220.]

[15th December, 1964.

The Administrator has been pleased, under and by virtue of the powers in him vested by section *fourteen* read with paragraph (c) of sub-section (1) and sub-section (4) of section *thirteen* of the Village Management Boards Ordinance, 1963 (Ordinance 14 of 1963), to approve the undermentioned amendment of the regulations promulgated by Government Notice No. 184 of 1959.

## VILLAGE MANAGEMENT BOARD AREA OF GOCHAS.

## AMENDMENT OF SANITATION REGULATIONS.

Schedule A to the sanitation regulations is hereby repealed and the following new schedule substituted therefor:—

## SCHEDULE.

Sanitation fees payable:—

- (a) Slopwater removal: R1-75 per load of 1000 gallons.
- (b) Nightsoil removal twice weekly: R1-50 per pail per month.
- (c) Refuse removal twice weekly: R0-75 per container per month.

No. 221.]

[15th December, 1964.

1. The Administrator has been pleased under and by virtue of the powers in him vested by sub-section (2) of section *three* of the Shop Hours and Shop Assistants Ordinance 1939 as amended, (Ordinance No. 15 of 1939), to provide that in regard to the area falling within the jurisdiction of the Windhoek Municipality but excluding the Municipal Native Location of Windhoek as defined in Government Notice No. 132 dated the 15th July, 1937, Katutura Native Township as defined in Government Notice 298 dated the 15th November, 1957, the opening and closing hours stipulated in sub-section (1) of section *three* of the said Ordinance shall be altered and amended to read as follows:—

## WINDHOEK MUNICIPAL AREA (EXCLUDING WINDHOEK NATIVE LOCATION AND KATUTURA NATIVE TOWNSHIP.)

For the months April, May, June, July, August and September.

	Opening Hours:	Closing Hours:
Weekdays, except Saturdays:	8.00 a.m.	1.00 p.m.
	2.30 p.m.	5.30 p.m.
Saturdays:	8.00 a.m.	1.30 p.m.

For the months October, November, December, January, February and March.

	Opening Hours:	Closing Hours:
